

My Pa se gesegdes. En my oom wat uit die dak gemoer het.

Pa Ben het na die Tweede Wêreldoorlog as jong kind saam met sy familie Suid Afrika toe gekom. Van Holland af.

Ouma en Oupa het saam met hul 5 kinders gedink Suid Afrika was 'n beter plek om letterlik uit die as te kom opstaan. Ek is nie seker hoe lank hulle gebly het nie, maar – so vermoed ek - so kombinasie van heimweë, en 'n besef dat die gras annerkant die draad vir 'n goeie rede groener lyk, is hulle toe weer terug Holland toe. Maar sonder my Pa. Die nuwe Wilde Weste het my pa se avontuurlus soos 'n handskoen gepas, en ek vermoed sy diep, swaar aksent, fris postuur en sin vir verkenningstogte het eie bodem vir hom aansienlik aantrekliker gemaak as Europa se grys dae, en koue nagte.

Ek lê vanoggend weer aan hom en dink toe die dagbreek en voëls my wakker maak.

Die Hollanders is vreeslik lief vir beeldspraak, en min mense kan 'n storie of vertelling beter inkleur as die Hollanders as hulle eers meegevoer raak, begin arms swaai, en goed beklemtoon. Hulle beklemtoon ook nie net nie, hulle oorbeklemtoon gewoonlik – en daarin lê eindelose vermaak – die soort wat mens jare lank bybly.

Om vir 'n emosioneel belaaide Hollander te staan en kyk, is groot sports. Die strekking- en sy gepaartgaande gemoedstoestand - is gewoonlik 'n goeie barometer van oor watter afstand jy die vertelling en mededeling wil gade slaan. Die gemene deler is dit: Jy wil dit as 'n reël nie mis nie. Jy wil – soos ek genoem het, Pa Ben was 'n groot seun – dit meemaak, maar jy wil ook oorleef om dit dan later weer ure se genot uit die herinnering te loop put. Want 'n moerige Hollander van 120kg was ook niemand se speelmaat nie.

Die beeldspraak is enersyds ongelooflik amusant, maar andersyds is dit soms problematies. Sien, hulle metafore en beeldspraak word in alle vertellings mildelik aangedik – en hulle maak min onderskeid tussen nasionale rampe, en groot blydschap.

So het ek eenkeer so skrams dwasklap gekry toe ek histories begin lag het vir my Pa se verwysing na sy vriend in Utrecht wie 'n konyn fokkery bestuur het. My Pa en die ander Hollander – ek dink dit was oom Piet Le Coc – was in 'n erenstige gesprek gewikkel. Beeldspraak en geestesbeelde is nie aldag 'n 14jarige seun se vriend nie.

My sentrale proesseerder het omtrent omgedop soos die geestesbeelde van wat presies 'n konyn fokkery bestuurder se dagtaak alles behels my tebinne gestroom het. Ek het gewonder of so ou saans tuis kom, en vir sy *Lieve Madelijn* vertel dat hy wéér 'n harde dag op kantoor beleef het...

Met katte moes mens ook uiters versigtig wees. “*Joggie, heb je straks de poes gezien?*” het geweldige selfbeheersing geverg om beleefd te antwoord. “*Ja, Pa, ek het die skoolhoof vanoggend nog gesien*” was tegnies gesproke nie korrek nie.

En 'n skynbaar onskadelike ding soos brood, kon in die Hollandse volksmond ook indrukwekkende verwaring en massa-histerie skep. Die korsie van 'n brood was die rampokker. “*Ik heb zin aan het kont van de brood met kaas*” vertaal effe anders in Afrikaans. Die feit dat die dorp se bakker se varsgebakte brood sy aandag getrek het, en dat hy honger was, is effe anders verstaan. Trouens: Wesenlik anders.

Ek het so verlangse familie lid gehad – so eksentrieke oom (vir ons Afrikaners is almal 10 jaar ouer mos Oom of Neef) wat Olimpiese kleure in ongeluksvoël bedrywighede verwerf het. Vermoedelik voor sy vierde verjaarsdag. Die ellende wat hierdie ou op sy lewensreis vergesel het was die goed van legende.

So kom my pa toe eendag effe ontsteld by my in die waenhuis aan waar ek besig was met een of ander projek.

“*Goufie!*” (hy het my en my broers almal *Goufie* of *Joggie* genoem) “*De stommerijk heb weer tegenspoed beleefd!*” was die intrap aankondiging.

Ek het presies geweet van wie hy praat. Ek kon ook sien die storie gaan klassiek wees – my Pa was ontsteld, en die beeldspraak en byvoeglike naamwoorde en metafore sou vuisslaan vir goeie wegspring plekke, binne-bane en uittroon geleenthede.

Die enigste uitdaging op hierdie punt was om nie byvoorbaat te begin lag nie, maar om bomenslike selfbeheersing toe te pas sodat my Pa kon aanhou vertel. Ek dink ek het dit reggekry, want die res van die storie word my toe meegedeel.

Dit het so gegaan:

“*De gouzit* (vrylik vertaal - 'n “ou” of “knaap”) *was in het dak aan het gheezer aan't werke geweest....*”

Goed, ek kon klaar verskeie rooiligte sien... Enersyds moes my oom aan NIKS tegnies raak nie. Nie as daar 'n vae verwaging was dat die ding weer moet werk, of homself daarvan weerhou om summier te loop skaapvang nie. Al was dit 'n stofsuiers of Kreepy Crawly.

Tweedens – so ver my kennis sterk, is daar elektrisiteit by warmwater silinders betrokke. My oom was een van die mense teen wie Eskom 'n interdik moes loop registreer – die kere wat hy die hele dorp se krag laat afslaan het, was legio. Sy een buurman het opgelet dat tot die voëls onderstebo oor sy huis vlieg – meestal om nie die ellende en dreigende gevaar te moet aanskou nie.

Laastens, my oompie se koördinasie was van so aard dat hy nie naby plafonne of dakke, of enige iets hoër as 'n skoendoos toegelaat moes word nie. En my Pa was duidelik – hy het in die DAK aan die gheezer loop “werk”... mmmm

Tegniese ding: *Check*. Elektrisiteit: *Check*. Hoogtes betrokke: *Check*. (later sou daardeur feitestel summier lei tot 'n “*Hugo bel die Polisie!*” situasie, en goedvanpaste noodkreet.)

Toe gaan my Pa aan:

“Naauw, Goufie, de stomme gouzit raakt toe een levendig draad aan...” wel, dit was “fated” toe hy sy voet op die leer se eerste trappie gesit het – dit, of verdrinking binne-in die gheezer (glo my – hy sou 'n manier kon uitdink om so andersyds onmoontlike vete ook te verwesenlik.) Om krag eers te loop afsit, alvorens mens met skreiend gebrekkige kennis in die donker aan 220 volt loop karring, was in my oompie se wêreld absoluut volksvreemd.

“De gouzit donderd toe naar benede...”

My Pa het die “*donderd*” beklemtoon. Party mense ‘val’ na benede. Ander weer – “*donderd*”. My Pa se beskrywing was uiters vanpas en akkuraat.

Mense wie val, val meestal. My oompie sou soos 'n mallemeule wat met 'n Danville woer-woer gekruis is, gat oor kop, al skreeuende en vloekende en spoegende na benede “*gedonderd*” het. Elegant val, en dalk kyk of hy nie in die proses iets wat hy later dalk weer wil gebruik kan mis val nie, was nie heeltemaal sy manier van met die proses omgaan nie. O nee!

Hy het met maksimale effek, klank en skade, die helfte van die huis se plafon, die gheeser self, 'n klomp drade en pype, 'n magdom gereedskap wat 'n bos-pik, kruiwa en sweistoerusting ingesluit het, na benede “gedonderd”.

Op hiedie stadium kon ek die piepie al teen my been voel afloop, en om 'n voorkoms van beleefde besorgdheid te handhaaf, was soos om tektoniese plate te probeer terugdruk.

“Jayzus, Joggie, de gouzit klapt (stamp of kap) toe zijn hessis (sy kop) op de grond, - daar zeg je gewoon ‘Uw’ tegen!” Vrylik vertaal – hy het sy kop so hard op die grond gekap – mens sou “U” sê vir so slag!

Op daardie punt het my selfbeheersing my heeltemaal in die steek gelaat. Ek het gegil soos ek lag – nie oor my oompie se jongste ellende nie, maar bloot oor hoe my Pa die tragedie vertel het. Ek het trouens nie eers geweet of my oompie dalk al ‘wyle oompie’ was nie – ek het gespartel vir asem - en blaasbeheer.

Ek mis my Pa. Ek mis hoe hy met sy swaar Hollandse aksent en beedspraak en humor, andersyds ordinêre stories en gebeurtenisse kon inkleur. Ek sien steeds die kraaipootjies langs sy ondeuende oë - soos hy iets lekker vertel.

Dis vandag (20 Maart 2020) presies 10 jaar nadat my Ma terug is Hemel toe. Vandag, 10 jaar gelede, het sy vir Ben net te veel gemis. Ek hoop sy het al vandag verskeie kere gelag dat die tranel rol vir Pa se stories, grappies en staaltjies. Ek hoop dit gaan goed met hulle.